## Hoofstuk 77 - LYDING VAN DIE MEESTER, VAS, ARMOEDE, LIEFDE, VIER VRAE (09.04.1841) HIM1.326

01] As julle dit so vra, dan vra julle reg! Want in sulke vrae lê die grondliggende van wat elke mens die nodigste het.

02] Julle het beswaarlik julle geringe versoek in die vorm van 'n vraag gegee, nogtans is die gegewe woorde niks anders as vrae uit julle hart, waarop julle nou die besonderse antwoord sal kry. Maar die groot antwoord (sal aan julle) slegs gegee word, as julle die besondersheid van die spesiale boodskap in julleself vind, deur dit deeglik te beskou. Dit wil sê, die besondere antwoord is 'n wegwyser, wat julle sal aandui hoe die menslike bestaan in die gees en in die waarheid moet wees, vol van liefde en 'n lewende geloof, sodat julle deur só 'n lewe veilig die innerlike lewe van die gees, en uiteindelik vir My, kan bereik. Maar hy wat tot My wil kom, sal daardeur ook tot die algemene antwoord kom, nie net op hierdie vrae wat julle stel nie, maar ook op die oneindige vrae wat binne-in hierdie vier vervat is.

03] Want waarlik, sou julle die groot geheimenis van My lyding in julle harte begryp, sou al die engele van die hemel eerbiedig en in die allerhoogste vreugde ewig saam met julle skoolgaan. en altyd, na skooltyd, terugkeer met die onmeetlikste wonderwerke.

04] Sou julle in jul harte begryp hoe om opreg te vas, sou julle waarlik nooit daarna vra nie! Want deur so 'n vasting sou Ek lankal vir julle 'n sigbare Vader geword het, waardeur Ek julle met een enkele sug meer sou kon gee as gewoonweg met 'n duisend woorde.

05] As julle in julle hart sou verstaan wat ware armoede is, dan sou julle nou al ryker gewees het as menige hemelvorste. Want in ware armoede lê 'n baie groot skat wat volgens geen aardse maatstaf gemeet kan word nie! Dit is die ware armoede wat ewig gevoed word deur My woord - net soos julle ook gelees het dat die Evangelie aan die armes verkondig moet word. Ook beteken die ware armoede dat beide die "hongeriges" en die "dorstiges", volkome versadig sal word deur My woorde.

06] En uiteindelik, sou julle eers die liefde in julle harte verstaan, sal in julle die groot vereiste vervul word wat Ek aan My apostels gerig het, toe Ek vir hulle gesê het: "*Wees volmaak soos julle Vader in die Hemel volmaak is!* " - Liewe kinders! Wat dink jy beteken hierdie vereiste? - Sien, hierdie vereiste sê niks meer en niks minder nie as bloot die taamlik groot "kleinigheid" dat die mens in alles heeltemal gelyk aan My moet wees! - Sou julle die allergeringste begrip gehad het van My grootheid, Mag en Krag en al My oneindige volmaakhede, dan sou julle beslis ook 'n geringe idee kon vorm, wat dit beteken as Ek vir julle sê dat julle ook so volmaak moet word soos die Vader in die hemel volmaak is. Want as "die Seun" sy eie mede-erfgename gemaak het, sodat Hy volkome aan broederskap kan deel in die groot erfenis van die Vader, dan beteken dit ook niks anders nie as dat sy eie tot dieselfde geregtigheid moet kom, tot dieselfde mag en krag van die Gees van God behoort, wat die Seun van ewigheid af in die Vader, en die Vader in die Seun inwonend maak.

07] Maar voordat Ek dit alles nog verder vir julle uiteensit, laat ons terugkeer na die spesifieke beantwoording van julle vier hoofvrae.

08] Wat My lyding betref, Ek het na die liggaam gely soos enige ander mens, en beslis in dieselfde mate as wat julle dit in die evangelies lees. Maar omdat die menslike lyding 'n ander, goddelike EK in sigself ingesluit het, was hierdie lyding ook 'n dubbele lyding, naamlik **die uiterlike, fisiese en die innerlike, goddelike.**

09] Waaruit die uiterlike lyding bestaan het, weet julle - maar waaruit die goddelike lyding bestaan het, is 'n ander vraag. Sodat julle enige idee daarvan kan kry, bedink wat dit beteken, dat die oneindige God in hierdie lydenstyd hom onttrek het uit sy oneindige en ewige Vryheid, en in die hart van die lydende "Seun" intrek geneem het!

10] Nou kyk, My buitekant is tot op die punt van die dood gedruk deur die bittere lyding. Maar die Godheid wat in die hart woon, moes die dood en die hel van dié innerlike punt af oorwin. Dink nou aan die lydende God-mens wat tussen twee vure geplaas is. Van buite af het die dood en die hel My met al hulle krag teen My aangedring, totdat My natuurlike lewe tot in die binnenste van My hart gedryf was. Van binne af het die Godheid egter hierdie druk met al Sy oneindige krag en mag teëgewerk en Homself slegs deur die Liefde self tot op 'n punt laat byeen dryf.

10] 11] Dink nou weer: Dieselfde Mag en dieselfde Krag, wat met een asem alles wat in alle oneindighede leef en deursweef, binne 'n oomblik kon vernietig, dieselfde Mag en Krag, wat nie deur alle ewighede en oneindighede ingesluit kan word nie, uit Wie die ganse oneindige skepping ontstaan het - O luister! - dieselfde Mag en Krag, in ganse volheid, het Homself tot dusver uit Sy oneindigheid uitgeneem, soos reeds gesê, en Hom tot 'n enkele punt laat beperk, welke beperking die **grootste vrywillige vernedering van die Godheid** in My was!

12] As julle in staat is om dit net ietwat in jul harte te kan vasvang, watter lydensweg Ek daar, as die Ewige Liefde moes verduur, dan sal julle waarskynlik ook 'n klein begrip hê van wat alles onder My lyding verstaan moet word.

13] Hierdie lyding het geduur tot op die punt waar Ek aan die kruis uitroep: "Dit is volbring! Vader, in U Hande gee Ek My Gees oor. - of met ander woorde: "Kyk, Vader! U liefde keer na U terug!'- En dadelik is, deur die oneindige Krag van God, alle bande van die

dood en die hel verbreek. Die ewige Krag het uitgestorm met onberekenbare geweld. Die ganse aarde het gebewe, aangeraak deur die Almag-geweld van God. Sy het vrywillig haar grafte oopgemaak en die gevangenes na die lewe uitgedryf.

14] En verder het dieselfde Almag geweld alle sigbare skeppings deurgedring en in daardie oomblik weer die oneindigheid gevul. En al die sonne in alle eindelose ruimtes het hul lig onttrek uit die allergrootste eerbied vir die Almag-geweld van God wat hulle opnuut aangeraak het. Maar dat die Godheid op hierdie oomblik nie alles in hierdie nuwe uittog vernietig en verdelg het nie, was slegs die invloed van die Liefde, wat nou ten volle met Hom verenig was.

15] Maar Kyk, My geliefde kinders, dit is, vir sover julle dit kan begryp, verstaanbaar onder "My Lyding"! Maar daar is nog steeds 'n oneindige aantal dinge wat daarin verborge is, waarin julle genoeg ewighede sal hê om te ondersoek, die ál hoe groter en oneindiger dinge. Want wat Ek nou vir julle gesê het, het betrekking op die volmaaktheid, soos wat 'n punt betrekking het op die oneindigheid.

16] Maar as julle vas, doen dit in ware verloëning van julleself, uit suiwere liefde tot My, bo alles wat die wêreld julle bied, dan sal julle deur so 'n regverdige vasting die "**Brood van die hemel**" verkry.

17] Soos 'n bruid op haar troudag al haar ou klere uittrek, haar hele liggaam was, dan haar bruidskleed aantrek en haar versier met allerhande blomme en edelgesteentes, sodat sy die bruidegom kan behaag as hy kom en haar in sy huis inbring - netso moet julle deur regverdige vasting al julle wêreldse (selfliefde) "klere" uittrek, julle met lewende water was en dan klere aantrek van ware (Gods-)liefde, onskuld in alle nederigheid en julle versier met allerlei blomme en edelgesteentes uit die werke van (naaste-)liefde!

18] En wanneer die Groot Bruidegom dan kom, en julle aantref, wees goed voorbereid, en sal Hy ook doen wat van die figuurlike Bruidegom gesê is. En as HY julle in die Bruidegom se huis sal vind, sal Hy 'n skatkamer vir julle open en aan julle skenk, die onmeetlike skatte van die Ewige Lewe, wat voortspruit uit My bittere lyding of Verlossing.

19] En soos die vasting is, so is ook armoede. Voorwaar, elkeen wat nie arm geword het in alles wat van die “wêreld” is nie, sal My Koninkryk nie binnegaan, voordat hy die laaste sent aan die wêreld teruggegee het nie. – **Jy sien, so is die ware armoede in Gees en in Waarheid!**

20] Maar dat vrywillige armoede 'n oneindige vooruitsig het bo verpligte armoede, is so voor die hand liggend dat verdere bespreking daarvan in die hoogste graad oorbodig sal wees. Want verpligte armoede kan net gelyk wees aan vrywillige armoede deur volkome oorgawe aan My wil en aan My liefde.